Vrydag **7 Junie**
**Skrifgedeelte: Rigters 15:1-20**
**Fokusgedeelte: Rigters 15:14**
**God se vernuwingstroos werk deur die Heilige Gees**
Ons Vader gebruik mense soos die rigter Simson om die krag van sy Gees te openbaar. Ons lees in hoofstuk 14 dat Simson ’n vrou onder die Filistynse meisies raakgesien het. Sy ouers was teen die liefde, maar sy ouers het nie geweet dat die nuwe liefde van die HERE kom nie (Rigt. 14:4). Die Filistyne was nie van die Kanaäniete wat die HERE Israel verbied het om mee te trou nie.
Die HERE wou die nuwe liefde van Simson gebruik as ’n geleentheid teen die Filistyne. Agter die sterke Simson moet ons God se oneindige krag sien, wat wonderwerke doen en die onmoontlikste dinge laat gebeur. Dit is die Heilige Gees wat Simson vervul met krag om op hierdie ongewone manier oorlog te maak en te oorwin.
Die Filistyne storm juigend op hom af, want hulle dink hy is in hulle mag, maar eintlik is hulle in die mag van God. Daar waar die Heilige Gees werk, daar is vryheid. Die Heilige Gees breek die binding van ons vyande en in God se krag oorwin ons.
Dieselfde Heilige Gees bevry ons deur geloof in ons Here Jesus in ons te werk. Geloof is God se kragtoer wat ons troos en inspireer om daagliks teen ons doodsvyande te stry. Ons oorwinning oor die vyande is deur ons Rigter en Leier behaal op Golgota (Jes. 33:22).
Moenie moedeloos raak oor die vyandelike oormag nie, ons vyande is verslaan. Simson self kon egter soveel meer gewees het as ’n instrument in die hande van die Heilige Gees. Die dubbele lewe wat hy as gelowige rigter geleef het, het op die ou einde die impak van sy bediening ingekort en ook sy lewe verkort.
Mens moet leef in gehoorsaamheid en onder die leiding van die Heilige Gees en nie ’n dubbele lewe probeer leef in diens van God, en dan lewer jy jouself weer uit aan die sondige wêreld nie.
*Sing: Psalm 13-1:1-3*
*Ds. TJ (Tommie) van Vuuren (Heilbron)*